

ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Diens: 9:00 en 18:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30



KOLLEKTES

Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Emeritaatsversorging

DIENSBEURTE: Ouderlinge: Andries Venter

Alethea : Johan Kruger

Diaken: Petra Swanepoel

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Albie Venter albieventer@absamail.co.za 083 631 6638

KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: **kerkdienstgemist** se web-blad het nou 'n Toepassing (App) vir Slimfone. U kan nou inluister sonder 'n rekenaar - sommer met u slimfoon of tablet

FACEBOOK: Gereformeerde Kerk Centurion (gaan 'like' ons)

RATELGROEP: Vir pa-ma-en-baba: Besoek gerus die 'Ratelgroep' op facebook

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Kontak Marlou 0824124313/fillistyn2@gmail.com of Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Les 24: Ps 48:1

Volgende week: Les 25: Ps 48:1

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).

Kerk se bankbesonderhede: Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Bank: ABSA Lyttelton Rek no: 600 340 409	Inbetalings vir die Diakonie: Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion Bank: ABSA Lyttelton Rek no: 600 280 589	Inbetalings vir die Susters: Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters Bank: ABSA Lyttelton Rek no: 600 340 417
---	--	--

KONTAKBESONDERHEDE

Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614
Faks: 012 664 0004

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Epos: Kerkkantoor—gercent@lantic.net

Ds Maarten van Helden: 012 664 1384/ 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 012 347 0494/ 084 263 2055

Lidmate se kontakbesonderhede: Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander: gereformeerdekerkcenturion@gmail.com

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 42 Nr 38 15 Oktober 2017

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



Liturgiese Riglyne

SONDAGGEND 9:00

Die laaste oordeel

Terwyl Petrus ons gewaarsku het teen die dwaalleraars wat die oordeel ontken, het ons verlede week seker gemaak dat ons in die wederkoms glo en daarmee saam in die dag van oordeel.

Nou gee Johannes ons 'n idee van wat presies op daardie laaste dag gaan gebeur. Een ding is seker en dit is dat Jesus daar sal wees! So verwag ons ons Verlosser as Regter, komende om te oordeel én te red!

Vir die goddelose is daar op daardie dag egter geen goeie nuus nie.

Skriflesing: Op 20:1-15;
II Kor 5:10; I Kor 15:26

Teksvers: Op 20:12

Sing:

Ps 95:1,2,4

Ps 25:2

Ps 86:3

Ps 98:1,2

Ps 98:3,4

Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt

Projektor: Nicolene Wattel

Klank: Jan-Theunis Reesink

Prediker: Ds Maarten van Helden

SONDAGAAND 18:00

Dit is saliger om te gee as om te ontvang

Skriflesing: Handeling 20

Teksvers: Handeling 20:35

HK: Sondag 42

Sing:

Ps 84:1,2

Ps 95:1,4

Sb 12-3:1,2,3,4

Sb 2-2:1,3

Sb 13-2

Orrelis: Hanneljie Bezuidenhout

Projektor: Jaco Wattel

Klank: André Beumer

Prediker: Ds Paul vd Berrg

In die Heidelbergse Kategismus Sondag 42 word daar stilgestaan by die negatiewe en die positiewe van die agtste gebod. In Handeling 20:35 hoor ons die positiewe geïnspireerde woorde van die agtste gebod. Dit gee 'n gelowige groter vreugde om te gee as om te ontvang. Net deur die werk van die Heilige Gees kan die selfgesentreerde ingesteldheid oor besittings verbreek word. Die wat in Jesus Christus glo, ontvang die genade om na ander te wil uitreik en ander te wil help. Jesus Christus se voorbeeld van gee in plaas van vat, word ook vir die Christene moontlik gemaak.

Mag jy die genade ontvang om die positiewe van die agtste gebod daagliks uit te lewe.

Ons gee om vir Mekaar

"U is ons vader, Here ..." Jes 64:8

- Rika vd Heever se gesondheid het effens verbeter (B14—083 447 8068).
- Elsa Briel sterk tuis aan na 'n besoek aan die hart hospitaal (B7—644 1546).
- Stefaans vd Walt sterk aan na 'n prosedure (B3—254 4737).
- Attie Pretorius sterk aan na 'n heupvervanging operasie (B21—082 444 3740).
- Marietjie Venter het ondersoek ondergaan in Unitas Hospitaal (B21—084 208 4286).
- Peter Lessing sterk tuis aan na 'n besoek in Unitas hosp (B4—654 7263).
- Johan Jordaan is in intensief in die Hart hospitaal na 'n hartaanval (B10—654 3377).
- Nannie du Plessis ondergaan die komende week 'n rugoperasie te Unitas hosp (B11—653-1578).
- Willie Loots ondergaan Dinsdag 'n operasie te Unitas hosp (A9—662-1622).
- Laurette Snyman sterk aan na 'n prosedure te Unitas hospitaal (A4—347 0401).
- Meelewing word betuig met Hein en Hilda Kaiser na die afsterwe van Hilda se vader. Mag die Here u troos in hierdie moeilike tyd.



Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Hospitaalbesoek

Lidmate word versoek om asb u ouderling, ds, of die kantoor in kennis te stel wanneer u opgeneem gaan word in die hospitaal. Die hospitaallyste dui nie meer die kerkverband of gemeente aan nie. Ons weet dus nie of u in die hospitaal is, as u ons nie laat weet nie.

Vergaderings

- 16 Okt—Evangelisasie kommissie 19:00
- 18 Okt—Jaarbeplanningsvergadering 18:00 (Alle kommissie voorsitters of 'n afgevaardigde wat namens u besluite kan neem.)
- 19 Okt—Katkisasie kommissie (met onderwysers) 18:00

Bydrae-koeverte

Plaas asb u bydrae-koeverte in die kollekesakkies

Alethea Ministry 11:00 (Worship Service and Sunday School)

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>

Scripture: Jeremiah 6: 1-30

Rev Gerrit Kruger

At the crossroads ask for the best road and walk the road to Jesus Christ

We are going to look at three aspects:

- There are crossroads in every one's life.
- There are crossroads where you have to make a choice.
- There is a Ram's horn or Trumpet calling you on the right track.

GKA gaan kuier by Lorypark Dieretuin

Wie: Laerskoolkinders en hulle gesinne

Wanneer: 28 Oktober 2017

Tyd: 10:00 – 14:00

Waar: Midrand

Koste: R100 per volwassene

(Sluit toegang & boereworsrol in)

Kinders van ons gemeente gratis, R70 per kind vir maats wat saamkom

Bring piekniekkomers, peuselhappies en eie koeldrank saam

RSVP: Erna Olivier teen 20 Oktober (0823322 118/ernao@solidariteit.co.za)



Kombuise- en Gasinstallasies- Ons is gekwalifiseerde binnehuis ontwerpers sowel as gesertifiseerde LP GAS installateurs; ons spesialiseer in die ontwerp, vervaardiging en installering van nuwe kombuise sowel as restourasie dmv verf tegnieke. W vd Walt 0823086238; werner@bwinteriors.co.za of Meryke Deetlefs 0844445443; meryke@mery-d.co.za

Gemeubileerde Eenman woonstel te huur in Clubview Centurion miv 1 Nov '17. R3 500 pm water ingesluit, elektrisiteit uitgesluit. Geen troeteldiere. Engela 0833769541.

Professionele Tikwerk, transkripsies, verhoor, regsdokumente ens. Tillie 082753 0525.

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (0126635955) centurionflorist@discoverymail.co.za. Susters kan hul bydraes vir die doel voor in die Susterskas by die hoofingang plaas.

Hoop & Help Life Coaching en Pastorale Berading, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257 vir 'n afspraak. Depressie, Trauma, Verhoudings, Besighede, Studente en Leerlinge almal welkom.

2 Loft kamers te huur: Hennospark R400p/m/kamer, Enkelopende dames tot en met 30 jaar. Ingesluit: W&L, wasgoed, skoonmaak, DSTV. Okkupasie: 1 Nov 2017. Rina Venter - 082 562 2431

VAKANTE POS BY DIE KERKKANTOOR

Die kerkkantoor beskik oor 'n 2 dae per week halfdagpos (Dinsdag en Vrydag), vir 'n administratiewe beampte.

Die verantwoordelikhede van die pos behels die volgende:

Algemene administratiewe- en instandhoudings- take vir kerkraad, predikante en kerkkantoor.

Die volgende vaardighede is 'n vereiste vir die pos:

- Kommunikasie
- Interpersoonlike vaardighede
- Tik
- Organiserings
- Administrasie
- Rekenaarvaardighede — Publisher, Excel, Word, PowerPoint

Die aansoeker moet 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk Centurion wees, indien nie, bereid wees om lidmaat te word van dié gemeente.

Posaanvaarding—1 Nov 2017.

CV's kan tot 20 Oktober 2017 gerig word aan Ellouis Jv Rensburg kerkkantoor@gkcenturion.co.za. Ek is telefonies beskikbaar vir navrae Maandae tot Vrydae tussen 08:00 tot 13:00 by 012 664 2614.

MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEDE BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasie-reg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

Daar is geen versorgings-fasiliteite nie—Bepalings geld op 80-plussers

Die twee eenhede wat beskikbaar is bestaande uit :

- 1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die rigprys is R445 000. Die eenheid word opgegradeer en is beskikbaar vir okkupasie 1 Nov 2017. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.
- 2 slaapkamers, 1½ badkamers, kombuis, eet- en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Die eenheid word opgegradeer en is beskikbaar vir okkupasie vanaf 1 Des 2017. Die rigprys is R770 000. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekerre voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Lena Malan (op terrein) 083 457 7294 of Gerrit Beumer 082 572 5235

Aansoeke sluit 30 Oktober 2017

Lê jou talente by rekenaars of dalk is jy net 'n gebruiker van MS PowerPoint en wil inskakel .

Die projektorspan het jou nodig

Kom help om die Woord uit te dra deur elektroniese media.

Die take sluit in:

- Die wys van psalms, skrifbelymings en ander liedere d.m.v Spectare Cantus (lyk soos web browser baie maklik om te gebruik)
- Vertoon van afkondigings voor die erediens en tydens kollekte. Die kerkkantoor berei alle skyfies (slide) voor en laai dit reeds op die kerk rekenaar. Ons vertoon dit net, geen werk hoef vooraf gedoen te word nie.

Kontak Nicolene Wattel – 084 437 6620 of Johan Hoogenboezem - 083 296 2360
Of maak 'n draai by die klankkas agter in die kerk voor of na erediens.

Elijada Huis

Elijada het dringend kosvoorraad nodig. Behalwe vir die tekorte op die huidige stadium moet hulle voorraad opbou om die lang Desember-vakansie aan almal se behoeftes te voorsien. Die drom sal tot en met einde Desember elke Sondag op die grasperk uitgesit word. Hou die nuusbrieff dop vir benodighede. Elke blikkie help

Ons benodig:

Koffie, gewone tee, rooibostee, suiker, ontbytppap, blikkies vleis, blikkies groente, rys, macaroni, spaghetti, soja, soppoeier, kartonmelk, grondboontjebotter, konfynt, bovil.



Beleg & bevryding van Leiden

As deel van die Tagtigjarige Oorlog van Spanje teen die Noordelike Nederlande kom die verhaal van Leiden in Nederland, met al sy legendes en sy hoogte- en laagtepunte, op die agenda.

Die Koning van Spanje stuur vir sy Veldheer, Valdes, om hierdie Nederlandse rebelle, (die Gereformeerdes of Hervormers van Nederland) te gaan onderwerp aan die Roomse leierskap van Spanje. Dit was egter nie wat die Here wou gehad het nie.

In Holland het hulle verskeie stede verower, o.a. Rotterdam, wat baie naby aan Leiden is. Leiden, 'n versterkte stad, was in verset en die stad se leier, Pieter Adriaanse het gesê, terwyl die Spanjaard Valdes die stad uitgehonger het: "Julle kan my lievers doodmaak en my liggaam eet as wat julle een deel van hierdie stad vir Valdes gee".

Die uithongering het vir 'n hele jaar lank aangehou en het geweldige afmetings aangeneem. Beide van die partye het oorweeg om die dyke te breek, sodat die land kan oorspoel en dan sal hulle op hierdie manier die mense van Leiden kan onderwerp. Een van die inwoners, Mnr. Speelman, het sy duiweboerdery beskikbaar gestel vir die uitstuur van boodskappe met sy duiwe en gevolglik is sy naam verander na Van Duivenbode. Een nag het hierdie water vanaf Rotterdam se kant af die land begin insypel, a.g.v. van sluise wat oopgemaak is. Gevolglik het een van die mure van Leiden meegegee met 'n ontsettende slag en so 'n aardskudding veroorsaak dat Leiden gevrees het dat dit 'n Spanjaardse aanval was. Tog het geen swaard daardie nag hul leed aangedoen nie. Al wat hul gesien het, was klein liggies wat op die horison een na die ander verdwyn.

Aan die Spanjaardse kant het die muur se slag hul ook so 'n groot skrik op die lyf gejaag dat hul hulself soos die Midianiete van ouds gedra het en op die gevlug geslaan het, soos vir Gideon en sy 300 man. Die liggies op die horison was toe al die tyd die Spanjaardse wat met lanterns op hul bootjies gevlug het.

By dagbreek is 'n Leidese seuntjie na die Spanjaardse kamp gestuur om ondersoek in te stel. Met sy terugkoms was die bevrydende nuus gedeel, maar nog beter was dat die Spanjaardse hul voedsel rantsoene agtergelaat het. Uit vrees vir 'n lokval het Willem Paulus Toornvliet ook gaan ondersoek instel en bevestig dat daar oorvloedige hutspot ("mash" en vleis) in die kamp beskikbaar was.

Die Geuse wat gehelp het om die Spanjaardse weg te kry het toe die land binnegevaar en "witbrood en haring" vir die mense gebring waaraan party so gulsig geëet het dat hulle op straat verstik en doodgegaan het. Vandag vier die mense van Leiden elke jaar op 3 Oktober die Bevryding van Leiden van 1574. Dis 'n groot dag en 'n vakansiedag. Dan eet hulle hutspot, witbrood en haring.

Ds Maarten

Hier kom 'n ding!

Chekkuit Boys, hierdie show is next level! Dis nie sommer jou kinderkransstanie wat vir Huis Stadig Sterf 'n middag vertoning hou nie - hierdie is soos Broadway en die State Theatre en Capetown Civic combined.

Anti Ina is 'n superwoman. Sy het die show geskryf, gecast, geregie, gebroad-cast en al die actors getrain. Sy is soos n warlord - as sy sê lyk bang, dan is jy bang, as sy sê lyk hartseer dan huil jy dat die snot spat. En nie een actor het enige training session gemis nie - vra maar vir Parmant.

Die storie cover Martin Luther, Calvin Klein, John Knox, Bra Guido, Robin Hood en al die heroes van die (drum-roll vir n groot woord) reformatie! Dis nou die ultimate rebel wat die vyfhonderd en negentig hashtags teen die kerk se klipmuur met sy vuiste ingekap het, Calvin Klein wat boeke vir die flambojante koning gemail het en Bra Guido wat met 'n yster bal aan sy voete 'n Houdini escape oor die mure van die Hollandse stad Leiden gemaak het.

Hierdie show was al by al die kunstefeeste in die land en het celebrity actors soos Will-i-am, Frikkie die Galjoen en Otterjasie van jare terug se Radio Save Afrika se side-kick! Will-i-am speel op sy home-made electric string en daar is 'n hele simfonie orkes en 'n mannekoor wat die Walliese 1000 voices na 'n kleuterskool laat lyk.

Jy sal 'n emotional trip ervaar sterker as die laaste bubbly wat jy gerook het. Jy gaan tjank soos jy laas getjank het toe jou eerste troetelhoendertjie dood is en jy gaan die feeling van epic achievement hê as jy daar uitstap. Die violence is erger as die Game of Thrones en die tech beter as die beste lazer show wat jy al gesien het!

Tickets is nou beskikbaar op die interwebs. Vir elke R360 kaartjie wat jy koop kry jy nog een gratis. So bring jou ooms en anties, jou vrou en jou goose en albei se kinders! Daar is iets vir almal. Daar is baby actors en 100-jariges en al die kerke van die universe neem deel. As jy hierdie show mis gaan jy aan chroniese FOMO in die ergste graad ly vir die res van jou lewe.

deur ds. Deon du Toit (alias Koning Frans—UDVDN)



VERJAARSDAE "God is vir ons..." Rom 8:31 BELYDENDE LIDMATE

15 Okt	Bertie	Stavast	C09	665 1111
17 Okt	Vian	de Villiers	A12	072 538 8870
	Lizet	du Preez	B06	083 577 6205
	Marieta	Fourie	C05	082 776 7151
	Marinus	Schutte	C10	078 800 4631
18 Okt	Ben	vd Walt	A11	664-3202
20 Okt	Cornel	Heystek	C09	072 158 4590
21 Okt	Alicia	Terblanche	C08	063 775 0602
	Elmari	Vercuiel	E01	653 0525



DOOPLIDMATE

16 Okt	Ian	Gerber	C14	082 327 2949
--------	-----	--------	-----	--------------

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

15 Oktober (Oggend)

A04 Laurette Snyman
A05 Magda Pelser



15 Oktober (Aand na geestelike opbou)

A06 Heidi van der Walt
A08 Ronell Hoogenboezem
A09 Nan Viljoen
A11 Louisa van der Walt

22 Oktober

A12 Bieuwkje Pretorius
B01 Rita van der Vyver
B02 Nadine Momberg
B03 Ronel Swanepoel

Droëvrugte

Heerlike vars nuwe voorraad...
By die kombuis se agterluik

Saam in God se groot oes - Sendingkonferensie

Gereformeerde Kerk Centurion

Saterdag, 4 November 2017

Koste R50

Vooraf registrasie kan gedoen word via <https://goo.gl/forms/Fw94udnbB3dsIRni2>

Navrae en RSVP gksasending@gmail.com

DV Sondagaand 15 Oktober na die aanddiens



Die sosialemedia in my lewe – 'n nuttige hulpmiddel?

Kan ek nog kuier sonder **sosialemedia**?